



LANTERNSKOOI GEDRAGSKODE VIR LEERDERS 2022

TABLE OF CONTENTS

TABLE OF CONTENTS	1
1. WETGEWING	2
2. DOEL	2
3. VISIE	2
4. MISSIE	2
5. BEGINSELS, NORME EN WAARDES	2
6. ALGEMEEN	3
7. SKOOL UNIFORM	5
8. AFWESIGHEID VAN SKOOL	7
9. VEILIGE BEWARGING VAN DIE SKOOL EN LEERDERS SE EIENDOM	8
10. SKOOLWERK EN HUISWERK	8
11. SKOOLVEILIGHEID	9
12. VOERTUIG EN MOTORFIETSE	10
13. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE	11
14. OMGEWING	11
15. SKOOLKENNISGEWINGS	11
16. HANDBOEKE	11
17. REGTE VAN LEERDERS	12
18. DISSIPLINE	12
19. ALGEMEEN	13
20. OORTREDINGS	13
21. POSITIEWE MERIETES	15
22. HANDTEKENING & DATUMS	17

1. WETGEWING

- 1.1 Children's Act no. 38 van 2005
- 1.2 SA Schools Act no. 84 van 1996
- 1.3 Child Justice Act no 75 of 2008
- 1.4 Government Gazette no 18900
- 1.5 General Notice 2591 of 2001
- 1.6 Circular 74/2007
- 1.7 GDE Sample of SGB Policies

2. DOEL

Die doel van die gedragskode is om:

- Dissipline en verantwoordelike gedrag te bevorder, tesame met 'n begrip van en respek vir die regte van ander
- Die veiligheid en regverdige behandeling van alle leerders te verseker
- Die integriteit van die skool te beskerm sodat dit 'n veilige, rustige omgewing sal skep waar onderrig bevorder word
- Die gedrag wat van leerders verwag word, asook die waardes wat deel vorm van die waardeprogram, duidelik te maak
- Die leerders bewus te maak van die gevolge sou die gedragskode verontagsaam word

3. VISIE

Doel: Om 'n leidende skool te wees vir leerders met leerprobleme.

Lanternskool is 'n sentrum van uitnemendheid, wat die unieke behoeftes van leerders, ouers en onderrig aanspreek en geleenthede bied vir kinders met leerprobleme. Die doel van Lanternskool word bereik deur die holistiese ontwikkeling en ondersteuning van leerders, ouers en onderwysers.

4. MISSIE

Doel: Om die volgende vir ons leerders met spesiale onderrigbehoefte te doen:

- 'n Veilige omgewing te skep waar hulle onvoorwaardelik aanvaar word en waar hulle tot hul volle potensiaal kan ontwikkel
- Effektiewe onderrig, wat hulle spesifieke behoeftes in ag neem, te bied
- Leerders geestelik en emosioneel toe te rus sodat hul sodoende hul rol in die samelewing kan vervul
- Kennis, vaardighede en waardes aan te leer sodat hulle produktiewe en verantwoordelike individue in die samelewing kan wees

5. BEGINSELS, NORME EN WAARDES

- Lanternskool beywer hom daartoe om in elke leerder 'n liefde vir die mensdom en die skepping aan te wakker en om 'n belangstelling en kommer vir sosiale en omgewingskwessies te kweek sodat elke leerder effektief sal deelneem aan 'n gemeenskaplike toekoms vir Suid-Afrika
- Lanternskool gee lewe aan die beginsels van "Ubuntu" deur die waardeprogram. Hierdie waardes onderstreep die verwagting van elke leerder se gedrag
- Dissipline en verantwoordelike gedrag, tesame met die begrip van en respek vir die regte van ander leerders, is krities in die ontwikkeling van goeie verhoudinge in die skool en die veilige, regverdige behandeling van alle leerders

- Deur kwaliteit onderrig te verskaf sal leerders akademiese en kreatiewe vaardighede aanleer in 'n uitdagende omgewing, wat terselfdertyd nie die leerders onder spanning plaas en angstig maak nie
- Die skool strewende daarna om 'n omgewing te skep waar genot vir leer aangemoedig word d.m.v. 'n openheid vir nuwe idees en ervaringe

Lanternskool is toegewyd daartoe om:

- 'n Balans te handhaaf tussen geestelike-, akademiese-, kulturele- en sportaktiwiteite met die doel om leerders holisties te ontwikkel
- Die uniekheid van elke individu te erken en te ontwikkel
- 'n Veilige, gedissiplineerde omgewing te skep wat leer ondersteun
- Respek vir die oortuigings, waardes en regte van ander aan te moedig

Die volgende waardes en norme word beklemtoon:

- Eerlikheid, integriteit en respek vir ander
- Hoflikheid, netheid en goeie maniere
- 'n Gemeenskaplike trots vir Lanternskool, sy kultuur en sy tradisies
- Die voordeel van toegewyde werk, stiptelike, pligsgetrouheid, verantwoordelikheid en die selfdissipline wat spruit uit 'n gebalanseerde lewensstyl deur deelname aan verskeie konstruktiewe aktiwiteite
- Die ontwikkeling van elke individu tot sy/haar volle potensiaal
- Elk van hierdie norme en waardes is beliggaam in die beginsels wat ons vir onself gestel het. Dit word gereflekteer in die basiese houding wat ons gedrag bepaal
- Ons volg die werksprogram wat deur die onderwysowerhede bepaal is, asook die onderrigprogram en praktiese reëlings wat deur die skool neergelê is
- Ons distansieer onself van enige oneerlikheid of 'n poging daartoe
- Ons wil graag die balans tussen akademie en buitemuurse programme van die skool bevorder
- Ons verbied die gebruik van dwelms of enige ander skadelike middels en beveg die gebruik en verspreiding daarvan
- Ons respekteer mekaar se eiendom, ons skoolgebou, toerusting en gronde en verseker dat dit altyd netjies sal wees
- Ons is gehoorsaam aan diegene in gesagsposisies
- Ons ag dit belangrik om nasionale simbole asook simbole van ons skool te respekteer.
- Ons ondersteun enige dissiplinêre maatstawwe wat sal lei tot die bestryding van kriminele oortredings
- Ons aanvaar dat die oortreding van skoolreëls strafbaar is

6. ALGEMEEN

Doel van die gedragskode

6.1 Algemene reëls

Leerders sal die skoolhoof asook personeel van Lanternskool ondersteun in die daarstelling en handhawing van goeie orde, asook 'n omgewing wat bevorderlik is vir die proses van onderrig en leer in die skool. In besonder sal daar van leerders verwag word om enige redelike opdrag van die skoolhoof, 'n onderwyser(es) of klasleier te gehoorsaam en stiptelik uit te voer.

Daar sal van leerders verwag word om wedersydse respek en verdraagsaamheid teenoor mekaar te betoon. In besonder sal leerders hulself weerhou van enige opsetlike gedrag wat ander leerders se fisiese, geestelike of morele welsyn sal benadeel.

Hierdie skool is 'n rookvrye, dwelmvrye, alkoholvrye, wapenvrye, dobbelvrye sone.


6.2 Klasreëls

Klasreëls moet deur elke klasonderwyser(es), in konsultasie met die leerders, geformuleer word aan die begin van elke jaar.

Die reëls moet in ooreenstemming met die doel van die skool wees om sodoende 'n situasie te skep waar onderrig kan plaasvind. Die reëls moet skriftelik in die klas ten toon gestel word.

6.3 Voorbeelde van klasreëls

- Alle leerders sal die onderwyser(es) en mekaar in die oggende groet
- Alle leerders sal hul lessenaars netjies en skoon laat in die middag
- Alle leerders sal verseker dat geen rommel op die vloer of op die lessenaars in die klas rondlê nie
- loek word nie in die klas toegelaat nie
- Daar sal nie meer as 8 reëls per klas opgestel word nie aangesien dit lomp en moeilik beheerbaar raak, sou meer reëls ingestel word



7. SKOOL UNIFORM

7.1 Skooldrag vir seuns

- Wit kortmouhemde gedurende die somer en langmouhemde gedurende die winter wat saam met 'n das gedra moet word. As langmou toeknoop hemp gedra word, moet 'n das gedra word. Gr. 7-12 moet altyd 'n das dra
- Hemde moet ten alle tye ingesteeke wees
- 'n Wit T-hemp mag onder die wit skoolhemp gedra word
- Donkerblou oortrektrui of 'n langmoutrui
- Lang, grys skoolbroeke met grys sokkies of voorgeskrewe grys kortbroeke met knielengte grys kouse. Langbroeke mag nie afgewerk word om dit noupassend te maak nie
- Donkerblou Skoolbaadjies is verpligtend vir Gr. 7-12 en moet elke dag gedra word.
- Geen "dri-macs" of skool sweekpakbaadjies word toegelaat nie. Dit maak nie deel uit van die skooluniform nie. Sien ook 7.3
- Die opgestopte Lantern baadjies is slegs toelaatbaar tydens die wintermaande. (Mei – Augustus) en slegs vir Gr 1 – 6 leerders. Geen vreemde baadjies en "hoodies" word toegelaat nie
- Swart skoolskoene met swart veters moet gedra word. Geen puntskoene, swart tekkies, sportskoene, stewels of gekleurde veters word toegelaat nie
- Geen mussies of pette word toegelaat nie
- Slegs 'n Lantern serp word in die winter toegelaat
- 'n Grys of swart gordel sonder versierings. Geen gekleurde gordels met enige vorm van patrone word toegelaat nie

- **Hare, baarde en naels vir seuns**
 - ☞ Hare moet ten alle tye skoon wees
 - ☞ Hare mag nie aan die kraag raak nie en moet netjies aan die agterkant gesny wees
 - ☞ Geen kort snit met 'n "klossie", kort snit met 'n lang kuif, "comb over" of "under cut" word toegelaat nie. Geen "man buns" en poniesterte is toelaatbaar nie. Ten alle tye mag die hare nie langer as 4cm wees nie. Geen patrone mag in die haarstyl gesny word nie
 - ☞ Die kuif moet tot net bo die wenkbroue gesny word
 - ☞ Geen gekleurde hare van enige aard word toegelaat nie
 - ☞ Gel mag in matigheid gebruik word. As hare opgegel word, mag die nie langer as 2cm wees nie
 - ☞ Geen baarde, snorre of newe-brande ("side-burns") word toegelaat nie
 - ☞ Newe-brande ("side-burns") mag nie langer as die middel van die oor wees nie
 - ☞ Naels moet kort, skoon en netjies versorg wees
 - ☞ 'n Lang pinkienaël is ontoelaatbaar

- **Juwele / Tatoeëermerke**
 - ☞ Geen juwele, behalwe 'n horlosie en 'n "Medic-Alert"- bandjie of - hangertjie word toegelaat nie
 - ☞ Alle ander sigbare juwele sal gekonfiskeer word en sal eers aan die einde van die skoolkwartaal terugbesorg word
 - ☞ Geen tong-, wenkbrou-, neusringe of oorbelle word toegelaat nie
 - ☞ Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie
 - ☞ Geen lyfdeurpriemings "body piercings" mag sigbaar wees nie

7.2 Skooldrag vir dogters

- Donkerblou skoolromp nie korter as 10cm bo die knieë nie, of 'n donkerblou skort
- Wit skoolsokkies (omgevou) of grys lang kouse ("bobby socks"). Donkerblou broekiekouse mag gedurende die winter (Mei tot Augustus) onder die skoolromp gedra word
- Wit kortmouhemp (oop nek – vir laerskool / wit kortmouhemp met kraag en das vir hoërskool) vir somer en wit langmouhemp met skool das vir die winter. (Mei – Augustus) Die boonste knoop van die langmouhemp moet toegeknoop wees
- Alternatiewelik mag 'n grys langbroek met grys lang kouse gedra word
- 'n Wit T-hemp mag onder die wit skoolhemp gedra word
- Donkerblou oortrektrui of 'n langmoutrui
- Geen "dri-macs" of skool sweetpakbaadjies word toegelaat nie. Dit maak nie deel uit van die skoolunivorm nie. Sien ook 7.3
- Die opgestopte Lantern baadjies is slegs toelaatbaar tydens die wintermaande, en is slegs vir Gr 1 – 6 leerders.
- Slegs 'n Lantern serp word in die winter toegelaat
- Swart skoolskoene (skoene met swart veters mag gedra word). Geen swart tekkies of swart "pumps" word toegelaat nie
- Stewels en platformskoene is nie toelaatbaar nie
- 'n Kort, blou fietsrybroek mag onder die skoolromp gedra word, maar mag nie onder die romp se soom uitsteek nie
- Geen kantbloese mag onder die wit skoolhemp uitsteek nie
- Skoolbaadjies is verpligtend vir Gr. 7-12 leerders en moet elke dag gedra word
- Toestemming moet van die klasonderwyser(es) verkry word om die skoolbaadjie tydens klastyd uit te trek

- **Hare, grimering en naels vir dogters**
 - ☞ Hare moet ten alle tye skoon wees
 - ☞ Hare mag nie gekleur wees nie en ook sonder strepies wees. "High lights"
 - ☞ Indien hare aan die kraag raak, moet dit agter of aan die kant van die kop vasgebind word
 - ☞ Slegs donkerblou, wit of rooi rekkies, linte en/of knippies mag gedra word
 - ☞ Onnet hare mag nie in die oë hang of aan die wenkbroue raak nie. Kuiwe moet net bo die wenkbroue geknip wees (± 1 cm)
 - ☞ Lang hare moet ten alle tye vasgemaak wees
 - ☞ Geen patrone mag in die haarstyl gesny word nie. "Comb over" en "under cut" word nie toegelaat nie
 - ☞ Naels mag nie by vingerpunte verbysteek nie en moet goed versorg wees.
 - ☞ Slegs kleurlose naellak mag gebruik word
 - ☞ Geen "french tips" word toegelaat nie
 - ☞ Geen grimering mag gebruik word nie

- **Juwele / Tatoeëermerke**

Die volgende juwele is toelaatbaar:

 - ☞ 'n Horlosie en 'n "Medic-Alert"-bandjie of -hangertjie
 - ☞ Een seëlring sonder gesteentes
 - ☞ Slegs een paar goue/silwer "studs" (balletjie) of "sleeper" (ringetjie) in die onderste gedeelte van die oorlob word toegelaat
 - ☞ Geen tong-, wenkbrou-, neusringe, neusstud of lipring word toegelaat nie. Dit sal gekonfiskeer word en eers aan die einde van die termyn teruggegee word
 - ☞ Geen toeplak van ongewenste juwele met pleisters nie
 - ☞ Geen lyfdeurpriemings "body piercings" mag sigbaar wees nie
 - ☞ Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie

7.3 Sportdrag vir seuns en dogters

- Leerders mag slegs die skoolsweetpakke by atletiek en landloop byeenkomste dra
- Vir ander sportsoorte moet die leerders in volledige skooluniform geklee wees tydens skool ure
- Geen provinsiale drag of sportspan baadjies word toegelaat as deel van die skool uniform nie

8. AFWESIGHEID VAN SKOOL

- Elke leerder het die reg tot onderrig en die skool respekteer hierdie reg van leerders
- Skoolbywoning is verpligtend en geen leerders mag afwesig wees van skool tensy daar geldige bewyse van mediese redes is nie
- 'n Bywoningsregister vir leerders sal gehou word
- Enige situasie waar 'n leerder versuim om skool by te woon sonder 'n geldige rede sal as dros gesien word, wat ten sterkste verbied word
- Indien 'n leerder afwesig is moet 'n skriftelike verskoning vanaf die betrokke leerder se ouers/voogde ingedien word
- Indien 'n leerder vir meer as drie agtereenvolgende dae afwesig is, moet 'n doktersbrief deur 'n geregistreerde mediese dokter as rede ingedien word. Dit sluit gevalle uit van rou of trauma in die betrokke leerder se familie of situasies verwant aan opdragte van die skoolhoof
- Die skoolhoof moet in kennis gestel word indien 'n leerder tydens godsdienstige vakansiedae, bv. Eid, afwesig gaan wees

8.1 Verlaat van skoolgronde tydens skoolure

- Geen leerder mag die skoolgronde tussen 7:30 en 14:00 verlaat sonder skriftelike toestemming van die skoolhoof, onderhoof (kategorie II) nie. Afsprake wat nie aan skool verwant is nie, van watter aard ook al, moet verkieslik na skoolure of gedurende vakansies gemaak word
- Indien 'n leerder die skoolgronde wil verlaat voor die afloop van die amptelike skoolure, moet 'n skriftelike brief voor eerste pouse by die onderhoof ingedien word. Hierdie brief moet die relevante inligting en kontakbesonderhede bevat
- Die leerders moet deur 'n ouer/voog, of deur 'n persoon wat deur die ouer/voog aangewys is, by die skool afgehaal word. In gevalle waar 'n persoon, anders as die ouer, die leerder kom haal, moet hierdie persoon in besit wees van 'n brief van die ouer asook 'n bewys van identiteit

8.2 Stiptelikheid

- Elke skooldag sal om 07:30 begin
- Laatkommers veroorsaak onnodige, ongewenste onderbrekings in die onderrigproses en ander skoolaktiwiteite
- 'n Leerder moet in besit wees van 'n brief van die ouer/voog om te verduidelik hoekom hy/sy laat gekom het, en moet eers by die kantoor en daarna by die registeronderwyser(es) rapporteer
- Die skool eindig om 14:00 elke dag
- Probleme met vervoer sal nie as aanvaarbare verskoning aanvaar word nie

9. VEILIGE BEWARING VAN DIE SKOOL EN LEERDERS SE EIENDOM

9.1 Skooleiendom

- Leerders mag nie sonder die toestemming van 'n onderwyser(es) tydens saalperiode of pouse in die klasse wees nie
- Elke leerder is verantwoordelik daarvoor om klaskamers, toilette, gange en skoolgronde netjies en skoon te hou. Graffiti van enige aard is streng verbode
- Geen artikels mag sonder die toestemming van 'n onderwyser(es) uit die toilette, klaskamers of van die skoolgronde verwyder word nie
- Die skoolgebou, meubels en apparaat moet opgepas word en nie beskadig word nie. Vandalisme van enige aard is 'n ernstige oortreding en leerders wat skool-eiendom beskadig sal ernstige gevolge dra, soos uiteengesit in die dissiplinêre kode
- Leerders moet ook alle handboeke wat deur die skool verskaf word, oppas en met plastiek oortrek. Indien 'n handboek sou wegraak, moet die leerder dit vervang of aan die skool die vervangingswaarde van die boek oorbetal
- Geen leerder mag enigiets aan rekenaars doen (bv. heraanskakel) sonder duidelike instruksies van 'n onderwyser(es) nie. Alle magnetiese media (geheuekaarte ens.) van rekenaars moet deeglik getoets word voordat dit op skoolrekenaars gebruik mag word. Geen programme mag sonder die toestemming van 'n onderwyser(es) op rekenaars gelaai word nie. Aangesien die rekenaarsentrums 'n groot uitgawe is (moontlik gemaak deur fondse vanaf ouers), sal oortreders wat skade aan rekenaars berokken, swaar gestraf word

9.2 Persoonlike eiendom

- Leerders is self verantwoordelik vir hulle persoonlike eiendom en nie die skool of die bestuursraad sal verantwoordelik gehou word vir verlore of beskadigde goedere nie. (sien ook Selfoonbeleid)
- Alle verlore eiendom moet by die kantoor ingehandig word. Leerders mag by die kantoor navraag doen aangaande verlore eiendom
- Leerders se eiendom moet duidelik gemerk word
- Skooltasse moet groot genoeg wees sodat alle handboeke en werkboeke daarin kan pas en moet stewig genoeg wees om die inhoud goed te beskerm

9.3 Medeleerders se eiendom

- Leerders mag nie aan medeleerders se eiendom peuter, dit beskadig of wegsteek nie
- Leerders mag nie medeleerders se eiendom sonder toestemming neem of gebruik nie. Elke leerder behoort sy/haar eie skryf- of tekeninstrumente te hê
- Vandalisme of om aan ander se eiendom te peuter is 'n ernstige oortreding

10. SKOOLWERK EN HUISWERK

- Elke leerder moet 'n dagboek hê waarin alle huiswerk daaglik aangeteken word
- Elke leerder moet voorgeskrewe huiswerk stiptelik volgens die voorgeskrewe datum self inhandig
- Onvoltooide huiswerk word as 'n oortreding beskou en mag 'n negatiewe impak op die leerder se resultate hê
- Ouers/voogde moet leerders ondersteun en verseker dat dit vir hul moontlik is om huiswerk te kan doen
- Vakinhoud wat in klastyd hanteer is moet tuis hersien word om te verseker dat leerders die werk verstaan en onthou

- Leerders word aanbeveel om wyer te lees oor onderwerpe as hul voorgeskrewe handboeke
- Alle huiswerk moet in dagboeke ingeskryf word by die datum wanneer dit voltooi moet wees
- Dit is vir alle leerders verpligtend om 'n dagboek te besit en te alle tye by hom/haar te hê
- Indien 'n dagboek verlore raak, moet 'n ander een by die kantoor aangekoop word.

11. SKOOLVEILIGHEID

11.1 Ouers/Voogde

- Geen besoekers word by klasse toegelaat nie

11.2 Respek vir diegene in gesagsposisies

- Leerders moet ten alle tye ordentlik teenoor medeleerders en personeel, insluitende die skoolhoof, onderwysers(esse), terapeute, administratiewe personeel en algemene assistente, optree
- Leerders moet ordelik in klaskamers optree en elke individu moet sy/haar deel doen om te verseker dat werk effektief afgehandel word
- Leerders moet klaskamers ordelik binnekom en verlaat
- Geen leerder mag tydens lesye sonder toestemming van 'n personeellid buite 'n klas wees nie
- Klasreëls moet ten alle tye nagekom word
- Stilte word vereis tydens afkondigings oor die interkom
- Die leerlingraad is deur leerders gekies en opdragte van enige lid van die leerlingraad moet gehoorsaam word
- Indien 'n leerder 'n klas verlaat moet hy/sy in besit wees van die onderwyser se "pas"

11.3 Optrede teenoor die teenoorgestelde geslag

- Fisiese kontak tussen leerders word nie op of buite die skoolterrein toegelaat nie.

11.4 Onweloweglike taal

- Leerders mag nie vuil of onweloweglike taal op of buite die skoolterrein gebruik nie.

11.5 Verbode aktiwiteite, middels, items en areas

- **Rook**
 - ☞ Leerders word streng verbied om op die skoolterrein, by skoolfunksies, op skoolbussies of in enige publieke area waar hulle die skool verteenwoordig, te rook
 - ☞ Leerders mag nie in besit wees van sigarette, e-sigarette (of soortgelyk), tabak, aanstekers of vuurhoutjies terwyl hulle op die skoolgronde is nie
 - ☞ Leerders sal as skuldig geag word indien hulle hul in die teenwoordigheid van rokers bevind
- **Alkohol (sien Alkoholbeleid)**
 - ☞ Leerders word streng verbied om op die skoolterrein, by skoolfunksies, op skoolbussies of in enige publieke area waar hulle die skool verteenwoordig, alkohol te gebruik
 - ☞ Leerders mag nie in besit wees van alkohol of daarmee smous nie. Dit is 'n baie ernstige oortreding wat kan lei tot ernstige dissiplinêre aksie, volgens die dissiplinêre kode, sou hul oortree

- **Dwelms (sien Dwelmbeleid)**
 - ☞ Leerders word streng verbied om op die skoolterrein, by skoolfunksies, op skoolbussies of in enige publieke area waar hulle die skool verteenwoordig, dwelms te gebruik
 - ☞ Leerders mag nie in besit wees van dwelms of daarmee smous nie
 - ☞ Die skoolhoof en adjunkhoof mag sy diskresie gebruik in die uitvoering van dwelmtoetse
 - ☞ Dwelms sal gekonfiskeer word en as bewyse gebruik word
- **Pornografiese materiaal**
 - ☞ Leerders mag hoegenaamd nie in besit wees van enige pornografiese of enige soortgelyke ontoepaslike materiaal nie en mag dit onder geen omstandighede skool toe bring nie
 - ☞ Indien enige materiaal van hierdie aard in leerders se besit gevind word, sal dit onmiddellik gekonfiskeer word en as bewyse teen hom/haar gebruik word
- **Dobbel**
 - ☞ Leerders mag nie op die skoolterrein of in skooldrag dobbel nie
- **Okkultiese aktiwiteite**
 - ☞ Satanistiese of okkultiese aktiwiteite deur leerders is streng verbode
- **Gevaarlike objekte**
 - ☞ Geen leerder mag in besit wees van gevaarlike objekte soos vuurwapens, messe, lemme, inspuiting of items soos vuurwerke , vuurhoutjies of aanstekers nie

12. VOERTUIE EN MOTORFIETSE

12.1 Skoolbusse

- Skoolreëls geld ook wanneer leerders van skoolvervoer gebruik maak
- Leerders mag nie die aandag van die busbestuurder aftrek nie en moet die gesag van die toesighouer aanvaar
- Leerders mag nie op die busse rond beweeg, stry of baklei nie
- Gebruik van skoolbusse sal geweier word vir leerders wat aanhou om die reëls te oortree

12.2 Voertuie en fietse van leerders

- Slegs gr 12 - leerders word toegelaat om hul voertuie op die skoolterrein te parkeer en dit doen hulle op eie risiko. 'n Identifiseringskyf sal in hierdie opsig deur die kantoor uitgereik word
- Geen leerders word tydens pouses by hulle voertuie toegelaat nie
- Geen leerder mag 'n voertuig of motorfiets op die skoolterrein bring sonder skriftelike toestemming van die skoolhoof nie. Dit mag slegs gebeur in streng ooreenstemming met die voorwaardes wat deur die instansies daargestel is
- Dit is streng verbode om 'n voertuig of motorfiets op so manier te bestuur dat dit 'n risiko vir skade aan die skoolterrein, die leerders of enige lid van die publiek in die omgewing van die skool, mag bring
- Die bestuurslisensies van die bestuurders van voertuie of motorfietse sal deur die skoolhoof nagegaan word

13. SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

13.1 Leerders wat deelneem aan sport

- Leerders wat gekies is om aan sportaktiwiteite van die skool deel te neem as verteenwoordigers van Lanternskool of hul betrokke interne spanne, moet die voorgeskrewe sportdrag aanhê voor, gedurende en na 'n byeenkoms wat in samewerking met die Bestuursraad bepaal moet word
- Alle ouers/voogde van leerders wat aan sport deelneem moet 'n vrywaringsvorm teken

13.2 Toeskouers of ondersteuners van sport en ander buitemuurse aktiwiteite

- Alle leerders moet hulself by byeenkomste op 'n ordelike manier gedra wat respek toon vir mense en eiendom
- Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal gehoorsaam wees aan enige redelike opdragte en instruksies wat deur die skoolhoof, 'n personeellid, 'n ouer en/of enige ander persoon, wat deur die skoolhoof aangestel is, aan hulle gegee word. Dit geld voor, tydens of na 'n byeenkoms

13.3 Deelname aan enige buitemuurse aktiwiteite (anders as skoolaktiwiteite)

- Die reëls wat hier bo uiteen gesit is geld onder hierdie afdeling ook, behalwe waar dit duidelik nie van toepassing is nie

14. OMGEWING

- Leerders mag nie rommel op die skoolgronde of in die skoolgeboue strooi nie
- Leerders moet trots wees op hulle skool en 'n bydrae lewer om die tuine en skoolgeboue mooi te maak en te hou
- Waar toeskouers van enige aktiwiteit van die skoolgronde gebruik maak, moet daardie area skoon en netjies gelaat word
- Leerders moet die saal, toilette, speelgrond en sportveld skoon en netjies laat
- Leerders mag geen dreine verstop met papier of enige ander materiaal of middel nie en mag nie krane oop los nie
- Graffiti, plakkers, plekhouers ens. op enige oppervlak van die skoolgronde, sonder toestemming van die skoolhoof, is verbode

15. SKOOLKENNISGEWINGS

- Elke leerder is verplig om kennisgewings wat deur die Bestuursraad, die skoolhoof, departementshoof of enige personeellid aan hulle gerig is, aan hul ouers/voogde te oorhandig
- Net so moet enige afskeurstrokies of erkenning van ontvangs vanaf die ouers/voogde deur die leerders aan die klasonderwyser(es) terugbesorg word
- Ouers/voogde moet kennisgewings vanaf die skool teken as aanduiding dat hulle dit ontvang en gelees het

16. HANDBOEKE

Leerders sal handboeke en toerusting van die skool in 'n goeie toestand hou. Indien die leerder hierin faal, sal daar van hom/haar verwag word om vir die vervanging van so 'n item te betaal.

17. REGTE VAN LEERDERS

- Alle leerders het die reg om te leer sonder sturings of inmenging van ander
- Elke leerder het die reg tot privaatheid, waardigheid en respek
- Geen lyfstraf mag toegedien word nie
- Alle leerders het die reg tot 'n veilige, skoon leeromgewing
- Geen leerder mag onderwerp word aan fisiese, emosionele of seksuele teistering nie
- Alle leerders het die reg om te verwag om op die verlangde standaard onderrig te word
- Leerders het die reg om na geluister te word

18. DISSIPLINE

- Die Bestuursraad van die skool het hierdie gedragskode, na konsultasie, bepaal. Indien daar nie by die bepaling hiervan gehou word nie, sal dit tot 'n Dissiplinêre Verhoor lei asook die voortspruitende gevolge indien so 'n leerder skuldig bevind word aan die oortreding.

18.1 Gradering van oortredings

- Klasverwante oortredings
- Stiptelikheid
- Huiswerk nie voltooi nie
- Wangedrag

Prosedures wat gevolg word in die geval van oortredings:

Stap 1

Punte word hanteer deur die onderwysers / terapeute

Stap 2

Punte 200

Brief aan ouers – HOD

Stap 3

Punte 400

Defensie + brief aan ouers – HOD

Stap 4

Punte 600

Defensie 2 – HOD

Stap 5

Punte 800

Brief aan ouers – Ronde tafel gesprek met ouers, vakonderwysers, graadhoof, adjunkhoof & Sielkundige

Stap 6

Punte 1000

Interne verhoor

HOD, Adjunkhoof, Hoof & Sielkundige

Skedule 1 en 2 oortredings

Beheerliggaam, Hoof, Adjunkhoof, SBST

18.2 Die sanksie

Nadat die leerder 'n regverdige verhoor ontvang het en daar bevind is dat die gedragskode oortree is, sal die Bestuursraad sanksies toepas soos deur hulle aanbeveel is.

18.3 Ernstige oortredings

- Die leerder(s) wat na bewering 'n ernstige oortreding gepleeg het, sal volgens die terme van SASA hanteer word

- Die Bestuursraad, met die toestemming van die departementshoof, mag op grondige redes en as 'n voorkomende maatreël die leerder wat van 'n ernstige oortreding verdink word, tydelik verbied om skool by te woon. Hierdie tydelike skorsing mag nie langer as 7 dae duur nie. 'n Leerder mag egter vir nog 7 dae tydelik geskors word mits hulle in kennis gestel is van 'n dissiplinêre verhoor
- Die Bestuursraad sal binne 7 dae na die tydelike skorsing van 'n leerder 'n dissiplinêre verhoor hou. Die Bestuursraad mag toestemming verkry van die departementshoof in die provinsie om die tydelike skorsing te verleng

18.4 Dissiplinêre verhoor

Die leerder sal die geleentheid kry om sy/haar saak te stel. Die leerder mag 'n getuie inroep. Die ouers/voogde mag die leerder na die dissiplinêre verhoor vergesel.

18.5 Sanksie

Indien 'n leerder aan 'n ernstige misdaad skuldig bevind is, sal die dissiplinêre subkomitee dadelik die Bestuursraad en die departementshoof van die bevindinge in kennis stel. Die Bestuursraad sal die bewyse en die sanksie oorweeg en besluit of die aanbeveling van die dissiplinêre subkomitee om die leerder te skors aan die departementshoof aan te beveel al dan nie

19. ALGEMEEN

Die skool het die reg om alle dissiplinêre aksies met eie diskresie te hanteer. Die skool sal erkenning gee aan die diverse behoeftes en ouderdomme van die leerders.

20. OORTREDINGS

VLAK EEN OORTREDINGS (HANTEER DEUR ONDERWYSERS)

		Lantern
1.	Huiswerk nie gedoen nie	20
2.	Take, opdragte en projekte nie gedoen nie	30
3.	Huiswerk, take, opdragte en projekte wat afgeskryf is	50
4.	Boek of skryfbehoeftes wat tuis gelaat is	10
5.	Gebruik van krutaal in klas	30
6.	Stoornis in klas of ander plek	20
7.	Verkeerde skooldrag	10
8.	Laat vir klas	10
9.	Laat vir skool	10
10.	Eet, drink en kougom kou in klas	10
11.	Algemene oneerlikheid / Leuens	10
12.	Rommelstrooi	10
13.	Versuim om skeurstrokie terug te bring	10
14.	Opsetlike vertraging van werkspoed in klas	10
15.	Ongeskeerde baard	10
16.	Haarstyl nie volgens gedragskode	10
17.	Dra van ontoelaatbare juwele	10
18.	Buite klas sonder 'n permit	20
19.	Fisiese kontak	20
20.	Nalaat om medikasie af te haal	40
21.	Slaap tydens klasperiode	20
22.	Dra van gekleurde naellak	10
23.	Werk nie in klas nie	20

VLAK TWEE OORTREDINGS (HANTEER DEUR HOD)

		Lantern
1.	Volgehoue ontwrigting van klasse	50
2.	Nie bywoning van klas (Bunk)	50
3.	Verontagsaming van toets- en eksamenprosedures	50
4.	Verlaat skoolterrein sonder toestemming	80
5.	Rook by skool / Tydens skoolfunksie / bus	50
6.	Dobbelary	80
7.	Onaanvaarbare gedrag teenoor personeel	100
8.	Spoeg na 'n persoon	50

**VLAK DRIE OORTREDINGS (SKEDULE 1)
ERNSTIGE OPTREDE WAT TOT SKORSING KAN LEI**

		Lantern
1.	Ernstige bedreiging, ontwig of frustreer onderrig of leer in die klas	100
2.	Betrokke by sameswering om die sinvolle funksionering van die skool te ontwig deur kollektiewe aksie	100
3.	Aantasting van menswees van of vernedering van enige leerder of persoon wat ook rassisme kan insluit	100
4.	In besit of verspreiding van enige toets- of eksamenmateriaal wat kan lei tot onregverdige voordeel van enige persoon.	100
5.	Oneerlikheid tydens toets of eksamen of enige vorm van assessering	100
6.	Betrokke in enige aksie van openbare onsedelikheid	100
7.	Seksuele teistering van enige persoon	100
8.	In besit of verspreiding van pornografiese materiaal	100
9.	In besit van alkohol of verdowingsmiddel	100
10.	Ernstige bakleiery op skoolgronde / bus	100
11.	Vandalisme van enige eiendom / bus	100
12.	Boelie van medeleerder	100
13.	Diefstal van minder waardevolle items	100
14.	Disrespekvol / Weiering van opdragte van personeel uit te voer	100
15.	Weiering om detensie by te woon (3 keer)	100

**VLAK VIER OORTREDINGS (SKEDULE 2)
ERNSTIGE OORTREDINGS WAT KAN LEI TOT PERMANENTE UITSETTING**

1.	Maak homself / haarself skuldig aan dieselfde of soortgelyke oortredings by twee vorige geleenthede
2.	Faal om die straf of suspensie as 'n korrektiewe metode te laat slaag.
3.	Bedrog pleeg deur vervalsing van dokumente en handtekeninge tot nadeel van die skool
4.	Handeldryf in enige toets- of eksamenvraestel
5.	Poging tot omkoop of omkoop van enige persoon in verband met enige toets of eksamen om homself of ander onregverdig te bevoordeel
6.	Betrokke by bedrog
7.	Betrokke in diefstal of oneerlike gedrag tot die nadeel van ander persone
8.	In besit van of handel met enige onwettige of skadelike middels
9.	Is in besit van, gebruik of verspreiding van onwettige dwelms of sigbare bewyse van besit, gebruik of verspreiding

10.	In besit van gevaarlike wapen
11.	Aanranding of dreigement tot aanranding van 'n ander persoon
12.	Hou enige persoon gyselaar
13.	Vermoor 'n persoon
14.	Verkrag 'n persoon of betrokke in enige seksuele misdryf wat 'n oortreding van die wet is
15.	Ernstige vandalisme
16.	Onder die invloed van alkohol

21. POSITIEWE MERIETES

- Vir die personeel van Lanternskool is dit van kardinale belang dat die leerders aangemoedig word om positiewe gedrag te toon en daarom wil ons hul graag daarvoor prys.
- Deur hierdie merietestelsel kry leerders die geleentheid om hul negatiewe punte te verminder en ook terselfdetyd 'n opbouende beeld van hulself te skep.
- Leerders kry die geleentheid om merietepunte te verdien op grond van die volgende terreine:

Akademie	
Vakke 60% - 69% (Einde van die termyn)	100
Vakke 70% - 79%	150
Vakke 80% - 89%	200
Vakke 90% - 99%	300
Top Presteerder per vak (Aan einde van die jaar. Bepaal volgens minimum akademiese beleid).	100
TOP 1- Presteerder per graad (Aan einde van die jaar)	300
TOP 2-	280
TOP 3-	260
TOP 4 -	240
TOP 5 -	220
TOP 6 -	200
TOP 7 -	180
TOP 8 -	160
TOP 9 -	140
TOP 10 -	120
Deelname aan olimpiades plaaslik	100
Prestasie in olimpiade plaaslik	150
Deelname aan Provinsiale olimpiades	300
Deelname aan Nasionale olimpiades	400
Huiswerk altyd gedoen (Per kwartaal)	50
Sport	
Bywoning per oefening per week	15
Prestasie op plaaslike vlak per seisoen	50
1ste plek / Liga wenner	50
2de plek	30
3de plek	20
Deelname op provinsiale vlak	100
1ste plek	200
2de plek	150
3de plek	100

Deelname op nasionale vlak	200
1ste plek	400
2de plek	350
3de plek	300
Kultuur	
Deelname en getroue bywoning van oefeninge aan kultuur aktiwiteit.	50
Deelname aan kultuurkompetisies bv. Eisteddford, RACA ens.	50
Prestasie in kultuurkompetisies	
Platinum / A++	100
Goud / A :	80
Silver / B :	50
Brons / C :	20

Leierskap	
Dien op studenteraad van graad	30
Dien op VLR (Graad 12)	50
Hoofseun / Hoofdogter	100
Onderhoofseun / Onderhoofdogter	80
Toon van prysenswaardige leierseienskappe in spesifieke situasie	80
Deelname aan uitstappie / aktiwiteit	10
Karakter	
Uitstaande sportmangees/positiewe gedrag getoon binne/buite skoolgronde.	50
Uitstaande maniere getoon.	30
Lewer onbaatsigtige diens aan mede-leerder of onderwyser.	30
Eerlikheid ten spyte van die nagevolge.	20

Aan einde van jaar word die merietes versamel in ag geneem vir sport en akademiese toekennings.



Aanmeldingsvorm

Naam en Van: _____

Graad: _____ Onderwyser: _____ Datum: _____

Oortreding / Meriete:

Vlak: _____ Punte: _____


Onderwyser (Handtekening) _____ Leerder: _____

Kontrole (HOD): _____

22. HANDTEKENING & DATUMS

Hierdie gedragskode is geteken te Rookepoort op die 14 dag van Januarie 2020.


GETEKEN:



HOOF
Mr T. Groenewald

14/01/2022

DATUM



VOORSITTER
Ms H. Petersen

14/01/2022

DATUM

IDSO

DATUM

NAAM

Revised January 2022



ONTVANGSERKENNING (Stuur asb. die voltooide vorm aan leerder se voogonderwyser.)

Hiermee erken ek, _____ ouer/voog van _____

in Gr _____ die ontvangs van Lanternskool se gedragkode.

Leerder

Ouer/Voog

DATUM